

Jou aftree-geldkoffer

Jy kan jou aftreeplan meer doeltreffend bestuur deur jou aftree-spaargeld te skei van jou kort- en mediumtermyn-spaargeld (soos jou kind se opvoeding of 'n deposito op 'n huis). Jy kan 'n **aftree-spaarmeganisme** gebruik, soos jou onderneming se pensioen-/voorsieningsfonds, of 'n aftree-annuïteit (AA), om jou aftreegeld in 'n afsonderlike 'geldkoffer' te bêre.

'n Aftree-spaarmeganisme is 'n spaarplan wat help om 'n gedissiplineerde benadering tot aftree-spaargeld te kweek en dit gee jou belastingvoordele, asook beskerming teen krediteure. Ons kyk na hoe enkele van hierdie aftree-meganismes werk en wat hul onderskeie voordele is.

Beskerming teen versoeking

Aftree-spaarmeganismes help om jou aftreegeld veilig te hou. Omdat jy beperkte toegang tot jou geld het, kan jy nie in die versoeking kom om jou aftree-spaargeld vir korttermyn-besteding te gebruik nie; maar maak tog seker dat jy ook nood-spaargeld het vir enige onvoorsiene gebeurlikhede.

Beskerming teen krediteure

Krediteure (mense aan wie jy geld skuld) kan nie geld eis wat in enige pensioenfonds, voorsieningsfonds of aftree-annuïteitspolis opgesluit is nie. Wanneer jy by aftrede 'n annuïteit koop, kan krediteure ook nie die kapitaalwaarde eis nie.

Wetlike wysigings maak egter voorsiening daarvoor dat betalings uit 'n aftreefonds gemaak kan word byvoorbeeld aan 'n gewese huweliksmaat in geval van 'n egskeiding .

Belastingvoordele

Jy kan tot 15% van jou inkomste in 'n aftree-meganisme belê sonder om kapitaalwinstbelasting of rente-belasting op die belegging te hoef te betaal. Hierdie belastingbesparing het 'n noemenswaardige uitwerking op jou uiteindelijke aftree-neseier.

Wanneer jy aftree, sal jy nie kapitaalwinstbelasting of rente betaal op geld wat na 'n na-aftrede meganisme soos 'n lewende annuïteit oorgeplaas word nie. Slegs die maandelikse onttrekkings is belasbaar as inkomste.

Sedert 1 Januarie 2009 word boedelbelasting nie op goedgekeurde aftreefonds-voordele verhaal nie. As die voordeel egter in die vorm van 'n enkelbedrag uitbetaal word, sal inkomstebelasting van toepassing wees.

Waar om te belê? Maatskappyfonds of AA

'n Gesonde finansiële strategie is om 15% van enige inkomste bo en behalwe jou pensioen-draende salaris in 'n aftree-meganisme te spaar, aangesien dit belastingvry is.

Indien jou maatskappy jou toelaat om 15% van jou bonus in jou bestaande voorsienings- of pensioenfonds te belê, kan dit 'n kostedoeltreffende manier wees om jou aftree-spaargeld te vermeerder, aangesien die koste van 'n groot pensioenfonds laer kan wees as dié van 'n AA. Dit is egter moeilik om te administreer en die opsie word nie deur alle maatskappye aangebied nie.

Dan kan jy 'n AA oorweeg, wat voorsiening maak vir maandelikse inbetalings sowel as vir die inbetaling van 'n enkelbedrag aan die einde van die jaar, sodat jy kan voordeel trek uit jou belastingvrye toelaag.

Die voordeel van 'n AA bo 'n maatskappy-pensioenfonds is dat jou AA nie geraak word wanneer jy van werkgever verander nie. Dit gee ook meer beleggings-buigsaamheid, terwyl maatskappye se pensioenfondse gewoonlik jou beleggingskeuses beperk.

5 wenke vir aftree-beplanning

- 1 | Kies 55 as jou aftree-ouderdom. Jy kan altyd die ouderdom verhoog en dit bied jou meer buigsaamheid rondom die strukturering van jou aftrede.
- 2 | Belê 15 % van jou bonus in 'n aftree-meganisme om die belastingvoordeel optimaal te kan benut.
- 3 | Jy hoef nie dadelik met aftrede oor te skakel na 'n annuïteit nie. Jy kan jou geld in 'n aftreeprodukt hou en sodoende baat vind by belastingvrye groei totdat jy nodig het om 'n inkomste te onttrek.
- 4 | Wanneer jy aftree, gebruik eerste die spaargeld wat jy buite jou aftree-meganisme belê het. Die inkomste uit hierdie beleggings is nie belasbaar nie, omdat jy nie 'n belastingvoordeel ontvang het toe jy in daardie meganismes belê het nie.
- 5 | Sodra jy afgetree het, moet jy 'n gedeelte van jou inkomste bly spaar sodat jy 'n veiligheidsnet vir noodgevalle in stand hou.